Augustus 2023
Oppas vir die teesakkie-vrou!

Augustus is Vrouemaand. Ek sien die aanhaling en ek glimlag:

Ek dra die nuusbrief op aan elke vrou – die wat dit maklik het, die wat dit moeilik het. Is dit ooit of die een of die ander? Pas jouself op, en kry jou super-sterkte elke dag by jou Vader.

WELKOM aan al die nuwe intekenare! Ek kuier een keer per maand per e-pos en beloof om jou nie katswink te gooi met Elsabé's in die INBOX nie.

Kompetisie-terugvoer

Die 🎄🎁🎉 **Kersfees in Julie!** 🎄🎁🎉 promosie het ten einde geloop, en die volgende drie gelukkige wenners sal eersdaags 'n bederfpakkie met 3 boeke elk ontvang: Juliana Schreuder, Erika Wolhuter en Rina Schenck. Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. Iets nuuts het hieruit gevloei, moenie die aankondiging onderaan die Nuusbrief mislees nie!

Nuwe vrystelling: Klippe kan Kraak

Klippe kan Kraak, boek 2 in die Berg Broers-trilogie. Amper beskikbaar!
Oor die naweek sal jy 'n kort boodskap ontvang waarin julle die eerste kyk kry na die voorblad. Daarmee saam: promosie-pryse vir vooraf-bestellings.



Jy kan die e-boek nou al op Amazon bestel. Kliek op die voorblad. Amazon stuur jou kopie outomaties op 28 Augustus.
Die afslagprys is geldig vir alle vooraf bestellings tot en met 30 Augustus 2023.
Sagtebandprys sal spoedig voorsien word.
Oorweeg dit om jouself of die dame in jou lewe te bederf.

Hier's 'n lusmaker (ongeredigeerd – my redigeerder se vergrootglas is nou met Klippe besig)
Hoofstuk 1: Hy moet nog in die tronk wees. Marien Berg staar by die winkelvenster uit. Haar bors pyn. Haar maagspiere is saamgetrek. Sy haal met moeite asem. Hy moet haar nie sien nie.
Hoofstuk 2: Hy moet uit hulle gesigsveld kom. Nou. Die swart monster se tentakels het hom reeds beet. Riekert Meller strompel weg, in die teenoorgestelde rigting as wat Wimpie en Marien gestap het. Sy vingers trek angstig aan die neksoom van sy T-hemp.
Hoofstuk 3: Marien trippel met die stoeptrappe af en spring in Wimpie se arms. Haar lang bene krul om sy middellyf en sy verlustig haar in die soen. Elke keer wat hy effens terugtrek, druk sy sy kop terug tot teen haar lippe.

Resensie van 'n Beta-leser: "Sjoe, jy is 'n meester met romantiese spanningsverhale. Die boek maak my op my senuwees en dan kan ek nie wag om klaar te lees nie. Welgedaan." (Francine, 3 Aug 2023)

EK BENODIG JOU HULP! DRINGEND
Klonte Sout is in Engels vertaal (Forsaking Others) en dit speel af in Tampa, Florida. Die regstelsel in die VSA is 'n nagmerrie, elke staat s'n verskillend (Nooit weer nie, sê ek vir myself.) Ek benodig iemand in Florida-staat wat my vertolking van my regstelsel-navorsing, kan nagaan. Dit is slegs 'n 2 bladsy dokument en 'n paar vrae. Ken jy 'n regsgeleerde in VSA, of 'n vriend/familielid in Florida, wat kan help om my na so 'n weldoener te verwys? My Faceboek- en aanlyn-navrae, en alle ander probeerslae, lewer niks op nie. Ek's redelik desperaat vir hulp.

NUUT: Smoorverlief in Afrikaans
Na die Kersfees-in-Julie se goeie deelname, het die drie skrywers besluit om 'n Faceboek-groep te begin waar ons en ons lesers oor liefdesverhale kan gesels. Romanse word onderverdeel in verskeie subgenres en op die groep sal jou voorkeur subgenre wel aandag kry.
Net soos die subgenres, verskil ons drie skrywers ook. Ons respekteer mekaar en leer baie by mekaar. Spanningsromanses en speurromanses is my skryftaal, en Francine Beaton en Marilize Roos sal op die groep hulle spesialiteit aan julle bekend stel. 'n Heerlike kombinasie van skrywers en lesers.
Ons beplan geleenthede waar lesers pryse kan wen, gesprekke rondom liefdesverhale waarvan ons gehou het inisieer, Facebook partytjies hou (ja rêrig!), en nog baie meer.
Jy ontvang hiermee 'n BBP-uitnodiging omdat jy op my nuusbrief ingeteken is.

Om by die groep aan te sluit, volg hierdie skakel:
https://www.facebook.com/groups/690670142898876/

In die Oos-Kaap het ons nou sonnige wintersdae. Hoop aan jou kant ook.
Mag Goedheid en Guns jou elke dag op ’n drafstap vat.

Elsabé

My kontakbesonderhede:
Tel: 0769216174 (ook vir Whatsapp)
skryf@elsabewelman.co.za
www.elsabewelman.co.za
Raak ook my vriend op:

https://www.amazon.com/stores/author/B08DMRBV7W
https://www.tiktok.com/@elsabewelmanskrywer
https://www.goodreads.com/author/show/17229817.Elsab_Welman
https://za.pinterest.com/elsabewelman7/
https://www.instagram.com/elsabewelman/
https://www.facebook.com/elsabewelmanskrywer/